# Sosiale geregtigheid by die profeet Amos: Die landsbelofte as vertrekpunt

**J G Strydom**
**Universiteit van Suid-Afrika**

**Abstract**
**The prophet Amos and social justice: The land promise as point of departure**
*In a previous article the author discussed the issue of social justice in the prophetic books, with special emphasis on the role played by the land promise. In that article he has concentrated on the prophet Micah and come to the conclusion that the land promise, together with its conditions and requirements, formed the basis of Micah's social criticism. In this article he takes the matter further to determine whether this is also true of the prophet Amos. His basic conclusion is that this is indeed the case. Amos also relies heavily on the land promise as the basis for his criticism of the many social injustices of his day. Even matters which at first seem to have no bearing on land and land ownership are indeed closely connected to elements of the land promise.*

## 1. INLEIDING

In 'n vorige artikel (Strydom 1994:1005-1017) het ek die kwessie van sosiale geregtigheid by die profete en die rol wat die landsbelofte daarin speel aan die orde gestel. In dié artikel het ek my slegs op die profeet Miga toegespits, maar in die vooruitsig gestel om ook van die ander profete aan soortgelyke ondersoeke te onderwerp. In die onderhawige artikel gee ek aandag aan die profeet Amos. Van die vrae wat aan die orde kom is: Watter rol speel die landsbelofte in Amos se uitsprake oor sosiale geregtigheid? Lê die landsbelofte dalk, soos by Miga, ten grondslag van Amos se siening van wat sosiale geregtigheid is, en tot watter mate kan sy kritiek en oordeel oor sosiale misstande teen hierdie agtergrond verstaan word?

## 2. RESUME: DIE LANDSBELOFTE AS VERTREKPUNT VIR MIGA SE UITSPRAKE OOR SOSIALE GEREGTIGHEID

Aangesien hierdie ondersoek 'n verdere uitbouing is van bogenoemde artikel oor Miga is dit nodig om kortliks saam te vat tot watter konklusie in dié artikel geraak is. My belangstelling in hierdie onderwerp is onder andere geprikkel deur die sienings van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Mays (1938:10) en Donahue (1977:77), te wete dat alles wat die profete oor geregtigheid te sê gehad het — selfs wanneer die landkwessie nie eksplisiet vermeld was nie — tog maar in wese te doen gehad het met die land en grondbesit, asook die verhouding waarin God en die mense tot die land gestaan het.

As vertrekpunt het ek die teorie van Olsen (1986:19) gebruik. Volgens hom verskaf die landsbelofte wat aan Abram gemaak is (Gen 12) die primêre agtergrond vir 'n Bybelse perspektief op die land, en word die volgende vier elemente daarin aangetref:

* die land as God se geskenk;
* die land en die familie;
* die land en die wêreld; en
* die land en die toekoms.

Die basiese inhoud van dié vier elemente behels die volgende:

## 2.1 Die land as God se geskenk/die land en die familie

### 2.1.1 Die land as God se geskenk

Die belofte wat aan Abram gedoen is het beteken dat die land as geskenk aan die patriarge en hulle nageslag gegee is. Gedurende die tyd van die patriarge het dit grootliks 'n 'belofte' gebly en die geskenk is eers 'in ontvangs geneem' toe die beloofde land ingeneem is. Hierdie 'in-besit-neem' van die land het op 'n korporatiewe (makro) en 'n individuele (mikro) vlak plaasgevind. Wat eersgenoemde betref, het dit daarop neergekom dat die land as geheel deur die volk korporatief in besit geneem is (vgl Strydom 1994:1008). Hierna het die volk die verantwoordelikheid gehad om gehoorsaam aan God te bly, anders kon hulle dié geskenk verloor: met ander woorde, die geskenk het 'n voorwaardelike karakter gekry.

### 2.1.2 Die land en die familie

Op die individuele (mikro) vlak het die in-besit-neem van die land 'n verdere nuwe element na vore gebring, naamlik die verdeling daarvan. Elke stam het sy deel van die geskenk ontvang en binne stamverband het die verskillende families elkeen húlle deel van die geskenk in besit geneem. Die beginsel wat gegeld het was dat almal gelyk bevoordeel moes word, aangesien dit 'n geskenk van God was. Voortaan sou elke familie dus 'n reg en 'n aanspraak op sy grond hê, dit sou van geslag tot geslag oorgedra word, en dit kon nie van hulle vervreem word nie. Die kern van die saak was dus dat daar 'n baie hegte band tussen 'n familie en sy eie grond ontstaan het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ten opsigte van die in-besit-neem van die land was daar gevolglik twee belangrike sake. Eerstens het die volk 'n bepaalde verantwoordelikheid jeens God gehad: Hy het gehoorsaamheid verwag as voorwaarde vir hulle (korporatiewe) verblyf in die land. Tweedens het die mense 'n bepaalde verantwoordelikheid teenoor mekaar gehad om mekaar se reg tot grondbesit te respekteer, as synde elkeen se 'deel' van die geskenk van God.

Met die koms van die monargie het bogenoemde situasie egter verander. In plek van die beginsel van gelykheid kom 'n nuwe verskynsel na vore, naamlik sosiale klasse. Veral twee groepe het sentraal gestaan: die koning en sy amptenare aan die een kant en die boerdery-families aan die ander kant. Amptenare het, binne 'n nuwe ekonomiese situasie met sy besigheids- en grondtransaksies, hulle mag misbruik, en sodoende die gelykheid wat daar tussen families bestaan het vernietig (Herron 1986:77). Groot landhere het, onder die verskillende stelsels wat bestaan het (Strydom 1994: 1010), toenemend die kleiner grondeienaars uigebuit, tot so 'n mate dat talle van laasgenoemde hulle grond verloor het.

### 2.1.3 Miga se uitsprake teen hierdie agtergrond

Miga se sosiale kritiek kan myns insiens die beste teen hierdie agtergrond verstaan word en het in die eerste plek te doen met wat ek hierbo die individuele vlak genoem het (vir 'n volledige beskrywing, kyk Strydom 1994:1010-1013). Telkens kritiseer Miga die leiers en amptenare omdat hulle die arm boere uitbuit en hulle besittings (veral hulle grond) wederregtelik van hulle afneem (Miga 2:1-2, 8-9; 3:1-3, 5,9-11). Op dié manier het die ryk amptenare en landhere enersyds hul verantwoordelikheid teenoor God ontduik, naamlik om toe te sien dat die verdeling van die land gerespekteer word en elkeen sy regmatige deel van God se geskenk behou. Andersyds het hulle ook nie hul verantwoordelikheid teenoor hulle volksgenote nagekom nie, naamlik om hulle eiendom te beskerm en die hegte band wat daar tussen 'n familie en hulle grond bestaan het, te eerbiedig nie.

Die oordeel wat Miga aankondig (Miga 2:3-5, 10; 3:4, 6) funksioneer ook op die individuele vlak. Die leiers sal nie alleen die grond wat hulle onwettig verkry het, verloor nie, maar ook hulle eie grond; dit sal aan diegene gegee word aan wie dit oorspronklik behoort het.

Om saam te vat ten opsigte van hierdie twee aspekte van die landsbelofte: die volk het die land as geskenk van God ontvang waarna die verskillende families elkeen hulle stukkie grond ontvang het as deel van God se geskenk. Tussen die familie en hulle grond was daar 'n hegte band en God het van almal verwag om dit te respekteer. Diegene wat dit nie gedoen het nie, was dus gedoem om hulle deel van die geskenk (grond) te verloor.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 2.2 Die land en die wêreld/Die land en sy toekoms

### 2.2.1 Die land en die wêreld

Volgens Olson (1986:24) het God die land aan sy volk en aan individuele families binne die volk geskenk, maar ook (en uiteindelik) aan ander families regoor die wêreld. Daarom is ook aan Abram gesê dat in hom al die volke van die aarde geseën sou wees (Gen 12:3). God skenk dus die land aan Abram en sy nageslag om vir die hele wêreld tot seën te wees.

### 2.2.2 Die land en sy toekoms

Olson (1986:25) meld verder dat God die land nie soseer aan Abram as persoon belowe het nie, maar aan sy kinders en al die geslagte wat daarna sou kom. Alhoewel Abram self nooit werklik die land besit het nie was daar 'n duidelike toekomsdimensie, 'n hoop en verwagting dat die belofte iewers in die toekoms sou realiseer. Uiteraard was daar in hierdie toekomsdimensie dus ook 'n element van onsekerheid.

### 2.2.3 Miga se uitsprake teen hierdie agtergrond

'n Nuwe aspek tree nou na vore in Miga se profesieë. Waar hy tot dusver hoofsaaklik op die individuele vlak gekonsentreer het, kom die korporatiewe vlak nou ook in spel (Strydom 1994:1014-1016). Die volk se geheelbesit van die land is nou ook ter sprake. Twee elemente is hierby betrokke. Eerstens gaan dit om oordeel en katastrofe (vergelyk Miga 3:1; 4:10, 14). Weens die talle onregte op die individuele vlak was die land op korporatiewe vlak nou ook gedoem, aangesien dit deur die wêreld (die vyand) ingeneem sou word. Die voorwaardelike aard wat die landsbelofte met die in-besit-neem van die land verkry het, naamlik dat die volk aan God gehoorsaam moes wees ten einde die land te behou, het in werking getree en hulle was gedoem om die land te verloor. Die betrokkenheid van die wêreld sou daarom as 'n katastrofe ervaar word, omdat die toekoms van die land in die hande van die wêreld sou wees en nie meer die volk self nie.

Daar is egter ook 'n ander kant: Miga sê dat, alhoewel hierdie ballingskap onvermydelik was, daar tog hoop vir die toekoms was (vgl Miga 4:10; 4:14-5:3; 5:6). Die volk moes hulle bekeer. Dan kon hulle weer die land in besit neem en sou die nuwe regeerder van Israel tot aan die eindes van die aarde regeer (Miga 5:3), met ander woorde, die wêreld sou deel word van die beloofde land en sy toekoms.

Om saam te vat in soverre dit hierdie korporatiewe vlak aangaan: as gevolg van die volk se ongehoorsaamheid het die onmiddellike toekoms duister gelyk aangesien die land deur die 'wêreld' in besit geneem sou word. Daar was egter hoop; die toekoms van die land sou herstel word en die wêreld sou deel in die seëninge van die land.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 2.3 Samevatting ten opsigte van die boek Miga

Dit wat Miga oor sosiale geregtigheid te sê gehad het, het grootliks te doen gehad met die kwessie van land- en grondbesit. Dit is ook duidelik dat die landsbelofte 'n sleutelrol in sy kritiek gespeel het, en tot 'n groot mate die basis vir sy argumentvoering gevorm het. Miga kritiseer die misstande en onreg van sy tyd, nie maar net omdat die uitbuiting as sodanig sosiaal onaanvaarbaar was nie, maar veral omdat die landsbelofte en die inhoud daarvan deur dié wanpraktyke in gedrang gebring is.

## 3. AMOS AS SPREEKBUIS VIR REG EN GEREGTIGHEID

As die naam van Amos genoem word is van die eerste gedagtes wat gewoonlik by 'n mens opkom Amos se kritiek teen die sosiale misstande van sy tyd, en sy strewe om reg en geregtigheid te laat seëvier. Hy word telkens beskryf as die groot profeet vir sosiale geregtigheid, soos onder andere uit die volgende aanhalings blyk: 'Amos ... staan ... veral bekend as profeet en spreekbuis vir sosiale hervorming' (Heyns 1989: 115); 'The dominant theme of the book of Amos is justice' (Kelley 1972:6); 'He spoke of only one sin: The selfish greed of the rich and powerful of Samaria in preventing the fair distribution of the earth's resources among all the people of Israel' (Doorly 1989:88); 'Of all the literary prophets of Israel, Amos has left the profoundest impression of the Prophetic insistence on Justice' (Routtenberg 1971:9); 'When we describe Amos as a prophet of social justice, we put our finger on the principal ... theme of his arraignment' (Schmidt 1984:199).

Die vraag waarom dit gaan is waarteen Amos dit in wese het. Gaan dit maar net om kritiek teen gedrag wat krimineel en sosiaal onaanvaarbaar is, of sit daar meer daaragter? Daar bestaan nie eenstemmigheid hieroor nie. Hasel (1991:102) beskryf die navorsing tot dusver soos volg: 'Is this social criticism a side-product of Amos' prophetic proclamation? This was the thrust of studies in the 1950s. Or is this social criticism the key to the message of Amos? The latter was the general direction of scholarship in the 1980s'. 'n Verdere vraag wat Hasel (1991:103) vra, is: 'What is the root of Amos' social message'? Hierop antwoord hy deur te sê dat daar huidiglik vier antwoorde op dié vraag gegee word:

* die verbonds- en uitverkiesingstradisies;
* die landsbelofte-tradisie;
* die beginsels van *mishpat* en *sedeqah* in verhouding tot die landsbelofte-tradisies en die kultus; en
* God se charismatiese bekragtiging van die profeet.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 3.1 Die rol van die landsbelofte in Amos se sosiale kritiek

Alhoewel ek nie noodwendig wil kies tussen bogenoemde vier interpretasies nie, meen ek ten minste dat die landsbelofte 'n baie meer prominente rol in Amos se sosiale kritiek speel as wat meesal erken word.

Interessant is die siening van Heyns (1989:112) wat meen dat 'Amos se optrede en dus die doel wat hy voor oë gehad het, nie los van persoonlike en samelewingsomstandighede verstaan kan word nie'. In die lig hiervan meen sy dat die doel van Amos se optrede vierledig gesien moet word, naamlik in terme van sy politieke, sosiale, ekonomiese en religieuse oogmerke (Heyns 1989:113-127).

Wat die *politieke* aspek betref, het Amos die leiers van Samaria gekritiseer omdat hy ontevrede was met die wyse waarop mag uitgeoefen is. In dié verband, en vir my doel is dit van belang, het Amos uitgegaan van die politieke model van die landsbelofte aan die aartsvaders, waarvolgens die volk van Jahwe gelyke deelname aan die grond van die land gehad het (Heyns 1989:114).

Sy *sosiale* oogmerke staan in 'n noue verband met sy politieke oogmerke. Die sosiale onreg moes uit die weg geruim word en daarvoor was 'n sosiale wilsbesluit van die owerhede nodig. Weer eens wys Heyns (1989:116) daarop dat 'die tradisie van Israel se verhouding tot Jahwe, wat hul uitverkies het, en aan hulle die land gegee het om in te woon,' ten grondslag van Amos se sosiale kritiek gelê het.

Op *ekonomiese* vlak het Amos hom verset teen die rykes, die groot grondbesitters, wat die arm man tot 'n al groter wordende mate uitgebuit het en al hoe meer grond in hulle eie besit gekonsolideer het. Selfs die regspleging kon nie meer verhoed dat mense hul grond wederregtelik verloor nie. Ook hierdie ekonomiese kritiek word telkens verbind aan die volk se verhouding met Jahwe, wat gebou is op die landsbelofte aan die aartsvaders, aldus Heyns (1989:121).

Op *religieuse* terrein kritiseer hy die heiligdomme omdat dit volgens hom, dié plekke was waar die korrupte ekonomiese beleid van die dag gesanksioneer is. Vir Amos was die korrekte ekonomiese beleid eerder te vinde in die landsbelofte aan die aartsvaders waarin dit om gelykheid gegaan het. Op religieuse gebied het die volk se deelname aan die offerfeeste dus deurgeloop onder Amos se kritiek omdat dié feeste nie meer 'n teken was van die volk se verbondenheid aan Jahwe nie, wat op sy beurt weer hulle verhouding tot mekaar en tot die land bepaal het.

Dit is opmerklik dat Heyns ten opsigte van al vier aspekte telkens daarop wys dat die landsbelofte 'n bepaalde rol in Amos se kritiek gespeel het. Sy sluit hierdie gedeelte dan ook af deur daarop te wys dat die vryheid waarvoor Amos geveg het, nie maar net ekonomies-politiese en sosiale sake behels het nie: 'Ook op morele en gods-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

dienstige vlak moet die vrye verhouding tussen Jahwe en sy volk, waarvan die vrye beslissingskarakter in die tradisie van die landsbelofte aan die aartvaders getuig, 'n werklikheid wees' (Heyns 1989:127).

Ook by Koch (1983:50) vind ons dié standpunt: 'Amos' social criticism is connected with a religious attitude to the land'. Later, wanneer hy wys op die verband tussen Amos se aanvalle op Bet-El en Gilgal aan die een kant en sy sosiale kritiek aan die ander kant, sê Koch (1983:55-56):

> The essential point is rather that it is precisely these cultic places which, in the Israelite view, were connected with the gift of the land which Yahweh promised to the patriarchs in days of old ... (and) as we have seen, the inherited land is central to the remarks about the situation of the *dallim*; it is the condition that makes a free life possible.

Die vraag bly dus: hoe groot 'n rol speel die landsbelofte werklik in Amos se sosiale kritiek? Aan dié vraag gee ek nou aandag.

## 3.2 Enkele passasies uit Amos se sosiale kritiek en die rol wat die landsbelofte daarin speel

Om te bepaal watter rol die landsbelofte in Amos se sosiale kritiek speel, is dit nodig om na enkele gedeeltes uit Amos te kyk. Watter tipe sosiale wanpraktyke word deur Amos uitgewys?

### 3.2.1 Mense is as slawe verkoop

In Amos 2:6 lees ons (vergelyk ook Amos 8:6):

> So sê die Here:
> Vanweë drie oortredings van Israel, ja vanweë vier,
> sal Ek dit nie afwend nie,
> omdat hulle die regverdige vir silwer verkoop
> en die behoeftige vir 'n paar sandale.

Amos se aanklag teen die volk is duidelik: die armes is op blatante wyse deur die rykes uitgebuit. Vers 6b verwys na mense wat as slawe verkoop is omdat hulle nie hulle skuld kon betaal nie. Volgens Mays (1976:45) is mense in so 'n geval gewoonlik vir geld of grond verkoop. Die eerste helfte van vers 6b verwys na eersgenoemde. Alhoe-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wel dit in Israel 'wettig' was om iemand as slaaf te verkoop ten einde sy skuld te vereffen (Hayes 1988:108), het Amos dit teen die feit dat die 'regverdiges', in die sin van 'onskuldiges' — verkoop is. Met ander woorde, mense, meesal klein grondeienaars, is op oneerlike wyse uitgebuit, in skuld gedompel en dan as slawe verkoop sodat die skuldeiser sy geld kon kry. Dit het dikwels verband gehou met korrupte regspleging deurdat regters omkoopgeskenke aanvaar het om onskuldige mense skuldig te bevind (König 1974:33; Hayes 1988:108). Oor die tweede deel van vers 6b wat sê dat die behoeftiges vir 'n paar sandale verkoop is, is daar verskil van opinie. Hayes (1988: 109) noem die volgende moontlikhede:

* regters is vir so min as 'n paar sandale omgekoop om onskuldige mense skuldig te bevind;
* vir skuld so min as die waarde van 'n paar sandale is iemand as slaaf verkoop;
* die eiendom van die arme waaroor dit gegaan het, was niks meer werd as 'n paar sandale nie;
* die oordra van 'n sandaal was simbolies van die oordra van grondeienaarskap.

Om tussen dié moontlikhede te kies, is nie maklik nie, aangesien almal binne die konteks sin maak. Tog meen ek dat laasgenoemde, wat ook deur Mays (1976:45) en Macpherson (1971:8) voorgestaan word, baie goed aansluit by die voorafgaande gedeelte waar dit juis daaroor gaan dat mense as slawe verkoop is en gevolglik hulle grond verloor het. Dit gaan egter nie vir Amos hier om 'n wetlike proses in die ware sin van die woord nie, maar om grond wat wederregtelik afgevat is, onder die skyn dat dit wettig was. Vir diegene wat hulle grond op hierdie manier verloor het, was dit katastrofaal. Koch (1983:45) wys daarop dat slegs 'n onafhanklike man, met ander woorde, iemand wat grond besit het wat hy van sy voorgeslag geërf het, werklik regstatus geniet het. Iemand wat sy grond verloor het was dus die spreekwoordelike 'nobody' in die samelewing.

In Amos 2:7 bou Amos verder voort op vers 6 deur daarop te wys dat diegene wat reeds hulpeloos was as gevolg van hul skuld, verder verneder is (hulle koppe is in die stof en grond getrap), en hulle is 'n sinvolle en betekenisvolle lewe ontsê (die weg van die weerloses is versper). Koch (1983:46) sê ten opsigte van hierdie vers dat die verhouding tussen die mense en God onlosmaaklik verbind was aan die ekonomiese vryheid wat geleë was in die besit van jou eie grond. Om op jou eie grond, soos deur God aan die patriarge gegee, te kon woon en leef, was die voorwaarde vir 'n sinvolle lewe. As, by wyse van spreke dus, jou weg (lewensmoontlikhede) op jou eie grond versper is en jou kop in die stof gedruk is, kon jy nie 'n sinvolle bestaan voer nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Onderliggend aan Amos se verset teen die feit dat mense as slawe verkoop is, lê dus, myns insiens, die hele kwessie van grondeienaarskap en daarmee saam die rol wat die landsbelofte daarin speel. Die arm kleinboere is uitgebuit deur die rykes, in die steek gelaat deur die regstelsel wat hulle moes beskerm (hierby kom ek later weer) en uiteindelik is hulle as slawe verkoop. Dit alles het net een ding beteken: hulle het hulle grond, wat hulle as geskenk van God onvang het (die eerste element van die landsbelofte, volgens Olson) verloor, en sodoende is die hegte band wat oor jare tussen 'n familie en hulle grond bestaan het, verbreek (Olson se tweede element). Hierteen het Amos hom met mening verset.

Dat die grondkwessie, met die landsbelofte as basis daarvan, inderdaad 'n groot rol in Amos se kritiek gespeel het word ook bevestig deur die beskrywing van God se heilsdade wat direk hierop volg in verse 9-10. Verskeie kommentatore (Kelley 1972: 48; König 1974:38; Mays 1976:50) wys daarop dat ons in hierdie twee verse 'n ongewone volgorde aantref: intog (v 9), uittog (v 10a), woestyntog (v 10b) en weer intog (v 10c). Die in-besit-neem van die beloofde land word heel eerste genoem en ook weer laaste, as hoogtepunt. Dié klem op die feit dat God die inname van die land bewerkstellig het, bevestig weer eens die gedagte dat die volk die land as geskenk van God ontvang het en dat almal gelyke reg daarop gehad het.

### 3.2.2 'n Korrupte regstelsel

In Amos 5:7, 10 en 12 word die volgende gesê:

7 Julle verander die reg in wilde-als
en julle trap geregtigheid in die grond in.

10 Hulle haat dié wat vir die reg opkom in die poort,
hulle verafsku dié wat die waarheid handhaaf.

12 Ek weet hoe baie julle oortredings is
en hoe groot julle sondes is,
julle wat die onskuldiges (armes) vertrap, wat
omkoopgeskenke aanneem
en wat die armes in die poort verstoot.

Hayes (1988:161) sê dat alhoewel vers 7 op korrupte regspraktyke sinspeel, dit om meer as net dit gaan: dit gaan om 'n gebrek aan orde in die breë politieke en sosiale opset van die dag. Die armes is op alle terreine van die lewe uitgebuit en te ná gekom. Ook Mays (1976:91-93) beklemtoon dat die terme reg en geregtigheid in hierdie kon-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

teks te doen het met die feit dat die totale sosiale orde van die samelewing korrup was. Die armes het hulle regmatige plek in die samelewing verloor omdat daar geen reg en geregtigheid was nie.

Wat die korrupte regstelsel betref, fokus Amos in al drie hierdie verse op die feit dat die armes nie deur die regstelsel beskerm is soos dit die geval moes wees nie. Die rykes het die regsproses gemonopoliseer en die armes was weerloos wanneer hulle hulle teen so 'n burokratiese stelsel vasgeloop het. Onskuldige mense is skuldig verklaar omdat die rykes die regters omgekoop het, en in die proses is die armes vertrap en verstoot (Am 5:12). Wanneer 'n persoon in die skuld beland het, is die regters dikwels omgekoop sodat die persoon as slaaf verkoop kon word en daar sodoende op sy grond beslag gelê kon word (Am 2:6-8).

Vers 10 beskryf ook hoe persone, wat nog vir die reg van ander (die verontregtes en die armes) opgekom het en die volle waarheid oor 'n saak gepraat het, deur die rykes gehaat is, want diesulkes het in hulle pad gestaan om hulleself verder te verryk ten koste van die armes.

In Amos se kritiek teen die regstelsel lê ook 'n sterk element van die landsbelofte. Die feit dat die armes nie beskerm is nie en dat hulle hul grond verloor het as gevolg van korrupte regspleging (vgl weer Am 2:6-8 en 5:12) was vir Amos in stryd met die landsbelofte. Die land was God se geskenk aan almal, elke familie het 'n reg op sy grond gehad, en daardie besondere band tussen 'n familie en sy eie grond mag nie op onwettige wyse verbreek geword het nie, veral nie deur partydige regspleging nie.

### 3.2.3 Onbillike belastings en heffings en die neem van goedere as pand

Amos 5:11 (vergelyk ook Am 4:1) beskuldig die leiers en die rykes daarvan dat hulle die armes vertrap deur onbillike belasting te vra en onbillike heffings te vorder. Volgens Koch (1983:47-48) is daar dikwels deur die 'plaaslike raad' in die poort besluite geneem oor onder andere belastings en heffings wat opgelê is. Omdat die rykes die grootste invloed gehad het, het hulle die meeste lede op dié raad gehad en het dan, tot hulle eie voordeel, die armes nog swaarder belas. Hulle het ook gesorg dat die meeste van dié belastinggeld hulleself toekom. Dit het daartoe gelei dat meer en meer kleinboere nie meer ekonomies kon voortbestaan nie en gevolglik hulle grond verloor het. Ook in hierdie geval staan die verhouding tussen 'n persoon en sy grond voorop, soos veral blyk uit die straf wat in vers 11 aangekondig word (ek sal later in meer besonderhede hierop ingaan).

Amos 2:8 beeld ewe eens uit hoe die rykes hulle verlustig het in die ellende van die armes. Afgesien daarvan dat dit onwettig was om iemand se klere ná sononder nog te hou, al was dit as pand vir skuld, het die rykes hierdie klere boonop as lêplek



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gebruik wanneer hulle offermaaltye bygewoon het. Verder het hulle wyn, wat as belasting en boetes op armes gelê is, by hierdie maaltye gebruik in plaas daarvan om, soos die gebruik was, die produk van hul eie arbeid te nuttig (Hayes 1988:114). Vir Amos was beide hierdie wyses van optrede tekenend van die onderdrukking van die armes en van die wyse waarop mense van hulle grond en eiendom verdryf is.

### 3.2.4 Selfverryking deur middel van uitbuiting

Amos 3:10-11 beskuldig die rykes van die volgende:

> 10 Hulle wat geweld en verwoesting in hulle vestings opberg,
> weet nie hoe om reg te doen nie, sê die Here.
> 11 Daarom, so sê die Here God: Daar is 'n vyand rondom
> die land,
> hy sal jou forte afbreek en jou vestings sal geplunder word.

Volgens Hayes (1988:128) word die twee terme 'geweld en verwoesting' hier gebruik om te verwys na oortredings teenoor mense sowel as eiendom. In Amos se betoog gaan dit dus om hoe die rykes hulleself verder verryk het deur die arm kleinboere uit hulle eiendom en grond te verkul, en dan vir hulleself groot en luukse huise te bou (hier beskryf as forte en vestings). Amos 5:11 praat ook van die mooi huise van gekapte klip wat hulle vir hulleself gebou het en die pragtige wingerde wat hulle aangelê het, terwyl Amos 3:15 melding maak van die rykes se somerhuise en winterhuise en huise met ivoorinleg. Amos 6:1-7 brei verder uit op hierdie luukse en gemaksugtige leefwyse: hulle lê op ivooringelegde beddens, strek hulle uit op rusbanke, eet vleis, drink wyn, maak musiek, salf hulleself met uitsoekolie; hulle lê uitgelate en feesvier, terwyl hulle nie bekommerd is oor die vernietiging van Josef nie.

Die straf vir hierdie selfverrykende uitbuiting is onomwonde. Die rykes sal hulle forte en vestings, wat hulle gebou het met behulp van uitbuiting en onderdrukking van die armes verloor, en daarmee saam ook die grond waarop hierdie huise gebou was (vgl ook Am 3:11; 3:15 en 5:11). Interessant is Koch (1983:47) se siening dat Amos juis met die landsbelofte in gedagte aankondig dat die rykes hulle huise sal verloor: die beskerming wat 'n huis bied was immers deel van die Hebreeuse siening van die band tussen 'n persoon en sy grond; daarom het 'n Israeliet 'n huis gebou op die grond wat hy geërf het. Omdat die rykes dus die armes hul beskerming ontneem het, sal dieselfde met hulle gebeur. (Ek sal later na hierdie aspek van die straf terugkeer.) Vir die huidige gaan dit dus daarom dat volgens die landsbelofte elke familie sy grond ontvang het en as sodanig moes dit deur die samelewing gerespekteer word. Amos verset hom dus daarteen dat die rykes dié voorwaarde van die landsbelofte nie nakom nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Insiggewend is ook Amos 4:1-3 waar die vroue (van die leiers en die ryk landhere) daarvan beskuldig word dat hulle verval het in 'n oordrewe luukse en selfsugtige lewenswyse. Hulle verswelg hulleself in die wyn wat as belastings en heffings van die armes geneem is. Wat behels die straf wat Amos aankondig? 'Again Amos puts the relation between people and land in the foreground' (Koch 1983:46). Die vroue sal uit hulle huise en ook uit die land verdryf word.

Aan die uitbuiters word dus gesê: nie net op individuele vlak sal hulle hulle grond en huise verloor nie, maar ook op korporatiewe vlak sal die beloofde land van die volk weggeneem word. Ook in Amos 3:11 word reeds op hierdie korporatiewe straf gesinspeel as gesê word dat 'n vyand die land sal inneem. (Na hierdie korporatiewe aspek van die landsbelofte keer ek ook later terug.)

Dit lyk dus asof die rol van die wêreld en die toekoms van die land (vgl weer Olson se derde en vierde elemente van die landsbelofte) hier in spel kom. Die wêreld, in hierdie geval die vyand, sal die beloofde land in besit neem en die toekoms van die land sal duister wees (hieroor ook later meer).

### 3.2.5 Ekonomiese uitbuiting in die handelswêreld

In Amos 8:5-6 word die ryk handelaars op 'n sarkastiese wyse deur Amos aangehaal: wanneer is die fees van die Nuwemaan en die Sabbat verby dat ons tog weer koring en graan kan verkoop? Dan kan ons die efa verklein, die sikkel vergroot en van valse weegskale gebruik maak; so kan die arme vir geld verkoop word, die behoeftige vir 'n paar skoene, en kan ons selfs die kaf van die koring verkoop.

So angstig was die handelaars om die armes met oneerlike besigheidstransaksies uit te buit dat hulle nie kon wag dat die feesdae, waarop nie handel gedryf kon word nie, moes verbygaan nie. Dan kon hulle voortgaan om op skelm wyse graan en koring te verkoop. Wanneer iemand, veral die armes, kom koop het, het die handelaar 'n inhoudsmaat (efa) gebruik wat kleiner was as wat dit moes gewees het, en wanneer hy die geld van die koper ontvang het, het hy 'n gewigsmaat gebruik wat swaarder was as wat dit moes gewees het, sodat hy effektief meer geld ontvang het. So gierig was hulle dat selfs die kaf van die koring as werklike koringkorrels verkoop is.

In dié proses is die armes vir geld verkoop en die behoeftiges vir 'n paar sandale (Am 8:6). Net soos in die geval van Amos 2:6 dui Amos met hierdie woorde aan dat hierdie wanpraktyke in die handel daartoe gelei het dat mense hulle grond verloor het en as slawe verkoop is (vgl die uitleg van dié woorde in afd 3.2.1 hierbo). Ook in sy kritiek teen dié praktyke gaan dit dus vir Amos daarom dat mense nie die geleentheid gekry het om sinvol en betekenisvol op hulle eie grond te leef nie. Dit was in stryd met die landsbelofte waarvolgens elke familie sy deel van die beloofde land as geskenk van God onvang het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 3.2.6 Amos se kritiek teen die kultus en die heiligdomme

Alhoewel dit nie letterlik as deel van Amos se sosiale kritiek beskou kan word nie, hou Amos se religieuse kritiek teen die kultus en heiligdomme ook direk verband met sy sosiale kritiek (Heyns 1989:122). Myns insiens is dit wat ten grondslag van Amos se religieuse kritiek lê, veral hier van belang.

Dit is interessant dat Amos se sosiale kritiek dikwels uitloop op die beskuldiging dat die heilige plekke en feeste skade aangedoen word deur die talle sosiale wanpraktyke. In Amos 2:6-8 word gesê dat die heilige naam van Jahwe, die altaar en die huis van God skade aangedoen word deurdat mense as slawe verkoop word. In sy beskuldiging van die vroue van Samaria (Am 4:1-3) maak Amos melding daarvan dat dit die *heilige* God is wat hulle straf (v 2), en direk daarna word voortgegaan met kritiek teen Bet-El en Gilgal. Amos 8:5-6 praat van die oneerlike handelspraktyke, en weer eens is daar religieuse elemente betrokke, naamlik die Fees van die Nuwemaan en die Sabbat. 'It therefore seems as if the offence is never so grave as when it touches the sphere of the holy, and that it is therefore there, at the house of God, that the doom also begins, then spreading out to cover secular spheres of life' (Koch 1983:50).

Eerstens moet ons vra wat die kritiek teen die kultus en die heiligdomme behels? Kom ons kyk na enkele gedeeltes.

Amos 2:7-8 meld dat die heiligdomme die plekke was waar die rykes op die klere gelê het wat hulle as pand gevat het en die wyn gedrink het wat hulle by die armes afgevat het. Met ander woorde, selfs in die heiligdom het hulle sonder skaamte voortgegaan met hulle uitbuitingspraktyke.

In Amos 4:4 word die volk opgeroep om na die heiligdomme te gaan, spesifiek na Bet-El en Gilgal. Hulle word egter nie opgeroep om te kom aanbid nie; daar word gesê dat hulle daarheen moet kom as hulle wil sondig, of anders gestel, sodat hulle kan sondig. Wat Amos dus sê is dat die heiligdomme nie meer 'n plek van aanbidding was nie, maar 'n plek waar daar gesondig word, want so het die volk mos daarvan gehou (Am 4:5b).

In Amos 5:4 word in dieselfde trant voortgegaan. Vir die volk word gesê dat hulle nie na Gilgal, Bet-El of Berseba moet gaan nie; hulle sou geen raad daar vind nie en sowel Gilgal as Bet-El sou in elk geval tot niet gaan. Ook in Amos 3:14 is reeds gesê dat die altare van Bet-El verwoes sou word as gevolg van Israel se sonde. Veel eerder moet hulle die wil van God soek, dan sou hulle lewe; die implikasie is duidelik dat dit wat by die heiligdomme gebeur het nie die wil van God was nie.

In Amos 5:21-24 sê God dat Hy 'n afsku het aan die volk se feeste, dat hulle offers nie vir Hom aanneemlik is nie en dat Hy hulle sang en musiek nie eers wil hoor nie; veel eerder moet hulle reg en geregtigheid laat geskied.

Wat lê ten grondslag van dié kritiek? Myns insiens is die standpunt van Koch (1983:50-56) baie insiggewend. Hy wys daarop dat die name Gilgal en Bet-El om 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

baie pertinente rede so baie genoem word (hulle word ook heftiger gekritiseer as wat die geval met Samaria, Dan en Berseba is). By Bet-El is aan Jakob belowe dat dié land aan hom en sy nageslag gegee sou word (Gen 28:13): en die volk se aankoms by Gilgal was die begin van die in-besit-neem van die beloofde land. Daarom was dié heiligdomme by uitstek die plekke waar die landsbelofte en die inname van die beloofde land herdenk en gevier is, of, so was dit veronderstel om te wees.

Vir Amos was dit egter die broeiplekke van onheil. Daar waar die inname van die land — as geskenk van God, gevier moes word, het veral die rykes hulle ewe vroom en godsdienstig verlustig in hoe hulle die armes uit hulle deel van dié land verkul het. Die godsdienstige feeste en offermaaltye (vgl 2:8) was by uitstek die geleenthede waar die luukse leefwyse van die rykes, ten koste van die armes, uiting gevind het. Koch (1983: 55-56) sluit dan ook sy bespreking van die kultus af met die volgende standpunt:

> The essential point is rather that it is precisely these cultic places which, in the Israelite view, were connected with the gift of the land which Yahweh promised to the patriarchs in days of old, implementing his promise through the events of salvation history. But, as we have seen, the inherited land is central to the remarks about the situation of the *dallim*; it is the condition that makes a free life possible. To this degree Amos has a special interest in attacking the festivals connected with the settlement. And it was logical for him that the all-embracing doom should take its course from these places'.

Heyns (1989:125) sluit hierby aan as sy sê dat Amos, telkens wanneer hy hom op die Jakobsbelofte en die landsbelofte as gronde vir sy ekonomiese protes beroep het, te staan gekom het teen die goddelik-gesanksioneerde ekonomiese samelewingsinstellings van sy dag. Hy het hierdie protes spesifiek by die staatsheiligdom uitgespreek, omdat hy daarmee aanspraak gemaak het op die goddelike sanksie van Jahwe se ekonomiese beleid, soos bekend gemaak in die landsbelofte aan die aartsvaders, wat Amos as regverdig beskou het.

In die lig hiervan meen ek, in aansluiting by Koch, dat Amos se kritiek teen die kultus basies daarom gegaan het dat hy in verset gekom het teen die feeste en kultiese praktyke wat te doen gehad het met die viering van die landsbelofte en die in-besitneem van die land (vandaar sy klem op Gilgal en Bet-El). Vir Amos was dié feeste niks anders as huigelary nie omdat in die gewone lewe die rykes en die leiers die betekenis en verantwoordelikhede van die landsbelofte totaal en al geïgnoreer het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Armes, wat volgens dié belofte aanspraak gehad het op hulle eie stukkie grond, is dit eenvoudig ontneem danksy die talle wanpraktyke van die dag. Die ergste was dat die heiligdomme hierdie wanpraktyke gesanksioneer het, en dat dit die plekke was waar dit hoogty gevier het.

Anders as wat soms deur Ou Testamentici voorgestaan word, meen ek (in aansluiting by Koch en Heyns) dat Amos se religieuse kritiek teen die kultus en heiligdomme nóú verband hou met sy sosiale kritiek en in beide gevalle speel die landsbelofte en die in-besit-neem van die beloofde land, 'n primêre rol. 'Met sy protes teen die kultus maak Amos 'n oproep vir groter ekonomiese regverdigheid, sodat elke Israeliet se seggenskap oor sy eie besittings en regte herstel sal word' (Heyns 1989:126). Ek sou selfs so ver gaan as om te sê dat die landsbelofte, en wat daarmee gepaard gaan, die één aspek is wat ten grondslag lê van beide Amos se sosiale en sy kultuskritiek, en dat dit die rede is waarom sy sosiale en religieuse kritiek so nóú ineengeweef is.

### 3.3 Amos se straf en oordeel oor die sosiale onreg, en die rol wat die landsbelofte daarin speel

Alhoewel ek reeds by geleentheid hierna verwys het, wil ek meer volledig hieraan aandag gee. Dit is opmerklik dat Amos se straf en oordeel telkens van so 'n aard is dat dit te doen het met die verlies van eiendom, grond en besittings. Myns insiens lê die landbelofte, en die voorwaardelike karakter wat dit met die inname van die land aangeneem het, ook ten grondslag van Amos se straf en oordeel, net soos dit die geval was met sy kritiek.

Die straf en oordeel wat Amos aankondig funksioneer verder, soos in die geval van Miga (kyk afd 1 hierbo), op twee vlakke: op 'n individuele vlak en 'n korporatiewe vlak. Daarmee bedoel ek dat dit soms teen bepaalde individue/groepe in die samelewing gerig is, en soms die hele volk korporatief daarby betrokke is.

In Amos 3:10-11 word pertinent aan die ryk uitbuiters gesê dat hulle geweld en verwoesting aangerig het deur die armes uit hulle grond te kul. As straf hiervoor sou hulle hulle eie huise en grond (as forte en vestings beskryf vanweë die buitensporige luuksheid daarvan) verloor. Amos 3:15 beskryf hoe hulle somerhuise en winterhuise en huise met ivoorinleg tot niet sou gaan, terwyl aan die ryk vroue van Samaria gesê word dat hulle uit hulle huise gedryf sou word (Am 4:1-3). Amos 5:11 vermeld dat hulle hulle huise van gekapte klip sal verloor en nie die wyn van hulle wingerde sal drink nie. Koch (1983:47) meen dan ook dat Amos juis, met die landsbelofte in gedagte, aankondig dat die rykes hulle huise sal verloor: die beskerming wat 'n huis bied, was immers deel van die Hebreeuse siening van die hegte band tussen 'n persoon en sy grond; daarom het 'n Israeliet 'n huis gebou op die grond wat hy geërf het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hierdie individuele straf kan baie goed binne die konteks van die landsbelofte verklaar word. Met die landsbelofte is die land aan die ganse volk as geskenk van God beloof (Olson se eerste aspek). Met die in-besit-neem daarvan is die land gelykop verdeel tussen die stamme en die families binne elke stam. Veral laasgenoemde het daartoe gelei dat daar 'n baie hegte band tussen 'n familie en sy grond ontstaan het (Olson se tweede aspek). Daarmee saam het die landsbelofte 'n voorwaardelie karakter aangeneem. Die volk het die verantwoordelikheid gehad om gehoorsaam aan God te bly, anders kon hulle die land verloor. Verder moes hulle die verdeling van die land respekteer en elke familie se reg op sy grond erken; individue wat dít nie nagekom het nie kon ook hulle grond verloor. Dit is presies wat Amos hier aankondig oor die ryk families wat ander se grond afgeneem het. In ooreenstemming met die voorwaardelike karakter van die landsbelofte sou hulle nou hulle grond verloor. Dieselfde word ook by die profeet Miga aangetref (vgl afd 2 hierbo).

Op korporatiewe vlak sluit Amos ook hierby aan. In Amos 2:13-16 word vermeld dat die volk nie staande sou kon bly op die dag van oordeel nie, die soldate en ruiters sou hulleself nie kon red nie. Amos 3:11-12 vermeld dat 'n vyand die land sou binnetrek en hulle huise afbreek. Amos 4:2-3 noem pertinent dat die volk die land sou verloor en in ballingskap weggevoer word. Bet-El en Gilgal word by name genoem in Amos 5:1-5: Bet-El sou tot niet gaan en Gilgal sou in ballingskap weggevoer word. Daar sou getreur word wanneer die Here straf (Am 5:16-17) want die ganse volk sou in ballingskap weggevoer word (Am 5:26-27). Die dag van geweld is naby (Am 6:3) waarop die volk in ballingskap weggevoer sou word (Am 6:7). 'n Vyandige nasie sou teen die volk optrek en oor hulle heers (Am 6:14). Diegene wat al die onreg gepleeg het, sou dus die oorsaak wees daarvan dat die ganse volk die beloofde land verloor. Omdat hulle ongehoorsaam geword het aan God, en nie mekaar se grondbesit gerespekteer het nie (die twee voorwaardes om die land te behou), sou die land, wat as geskenk aan almal gegee is, almal nou ontneem word.

Ek wil spesifiek na Amos 5:16-17 verwys waar onder andere gesê word dat daar ook in die wingerde getreur sou word want God sou tussen die mense deurgaan om hulle te straf. Ek stem met Heyns (1989:50) saam dat die konteks van dié beeld gesoek moet word in die ritueel rondom die landsbelofte. Volgens dié tradisie was die 'deurgaan' van Jahwe die bevestiging van die belofte dat Israel se toekoms in die land verseker was. Hier gaan Jahwe egter deur tot veroordeling en vernietiging van Israel. Myns insiens pas hierdie interpretasie by die siening wat ek voorstaan, naamlik dat Amos die sosiale wanpraktyke van die tyd as 'n vergryp aan die landsbelofte sien, en daarom is die straf wat hy aankondig ook in lyn met die voorwaardelike karakter van die landsbelofte waarvolgens die volk die land sou verloor as hulle nie hulle verpligtinge nakom nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die feit dat Amos ook pertinent gesê het dat die heiligdomme (Gilgal en Bet-El) vernietig sou word en in ballingskap sou gaan, sluit aan by wat hierbo betoog is. Die heiligdomme, waar die korrupte praktyke waarvolgens mense hulle grond verloor het gesanksioneer is, was ook gedoem. Heyns (1989:126) wys verder daarop dat omdat die leiers hulle eie ekonomiese beleid, en nie Jahwe s'n nie, deur die kultus laat sanksioneer het, was die kontrak tussen Jahwe en die volk verbreek. Daarom was die landsbelofte nie meer geldig nie en Israel se eiendomsreg op die land nie langer gesanksioneer nie. Samevattend sou 'n mens kon sê: omdat die mense nie die voorwaardes van die landsbelofte nagekom het nie, het dié belofte 'geboemerang'.

Met die verlies van die land sou dit voortaan in die hande van die 'wêreld' (die vyand) wees. Ek meen dat Olson se derde en vierde aspekte van die landsbelofte (die land en die wêreld, die land en sy toekoms) ook hier in spel kom (net soos dit die geval met die profeet Miga was). Hier egter in 'n negatiewe en somber sin. Die wêreld sou nie die land saam met die volk van God deel nie, maar sou die land afneem, daarom sou die toekoms van die land, wat so rooskleurig gelyk het, eensklaps baie donker wees.

Weer eens is Amos se (korporatiewe) straf en oordeel dus gedrenk in die teologie van die landsbelofte. Vanweë al die sosiale onreg, waarmee die betekenis en implikasies van die landsbelofte verbreek is, sou die voorwaardes van die in-besit-neem van die land in werking tree en sou die volk die land verloor.

## 4. SAMEVATTING

Aanvanklik het ek my ten doel gestel om te probeer vasstel wat ten grondslag lê van dit wat Amos oor sosiale geregtigheid te sê gehad het. Inderdaad het sy kritiek op verskeie aspekte (ekonomie, politiek, sosiale lewe, godsdienstige lewe) gefokus (afd 3.2). Myns insiens is die raakpunt tussen hierdie aspekte geleë in die feit dat die landsbelofte en dit wat daarmee saamgegaan het, naamlik aspekte soos die werklike in-besit-neem van die land en die voorwaardes daaraan verbonde, ten grondslag van alles lê. Basies kritiseer Amos omdat die landsbelofte nie tot sy reg gekom het nie, en daarom behels die straf wat aangekondig word dat die landsbelofte nie meer geldig is nie.

## Literatuurverwysings


Donahue, J R 1977. Biblical perspectives on justice, in Haughey, J C (ed), *The faith that does justice*, 68-112. New York: Paulist.

Doorly, W J 1989. *Prophet of justice: Understanding the book of Amos*. New York: Paulist Press.

Hasel, G F 1991. *Understanding the book of Amos: Basic issues in current interpretations*. Grand Rapids: Baker Book House.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hayes, J H 1988. *Amos. The eighth-century prophet: His times an his preaching*. Nashville: Abingdon Press.

Herron, R B 1986. The land, the law and the poor. *Word and world: Theology for Christian Ministry* 6(1), 76-84.

Heyns, M 1989. Amos — Kampvegter vir vryheid en reg: 'n Sosiaal-historiese sudie. DTh-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Kelley, P H 1972. *Amos*: *Prophet of social justice*. Grand Rapids: Baker Book House.

Koch, K 1983. *The Prophets I*. Philadelphia: Fortress Press.

König, A 1974. *Die profeet Amos*. Pretoria: NG Kerk Uitgewers.

Macpherson, A, Rhymer, J & Challenor, J 1971. *Prophets I*. Chicago: ACTA Foundation. (Scripture Discussion Commentary.)

Mays, J L 1976. *Amos*. London: SCM Press. (OTL.)

——— 1983. Justice: Perspectives from the prophetic tradition. *Interp*. 37/1, 5-17.

Olson, D T 1986. Biblical perspectives on the land. *Word and world: Theology for-Christian Ministry* 6/1, 18-27.

Routtenberg, H J 1971. *Amos of Tekoa*. New York: Vantage Press.

Schmidt, W H 1984. *Old Testament Introduction*. New york: Crossroad.

Strydom, J G 1994. Die landsbelofte en grondbesit: Enkele perspektiewe op die boek Miga. *HTS* 50/4, 1005-1017.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services